



PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2022
GRAAD 9
NASIENRIGLYNE

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE:
DIE EKONOMIE EN ENTREPRENEURSKAP**

(VRAESTEL 2)

AFDELING A: ALLE ONDERWERPE**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1	B ✓✓
1.1.2	C ✓✓
1.1.3	B ✓✓
1.1.4	A ✓✓
1.1.5	D ✓✓

10

1.2 PASITEMS

1.2.1	C ✓
1.2.2	E ✓
1.2.3	H ✓
1.2.4	G ✓
1.2.5	B ✓

5

1.3 WOORDBANK

1.3.1	wins ✓
1.3.2	bemarking ✓
1.3.3	verbruikers ✓
1.3.4	vissery ✓
1.3.5	administratiewe ✓

5

20

TOTAAL AFDELING A: 20


AFDELING B: DIE EKONOMIE

VRAAG 2: EKONOMIESE STELSELS

2.1 Gemengde ekonomie ✓ (1)

Eienskappe		Antwoord
2.2.1	Wie besit die land se natuurlike hulpbronne?	Individue ✓
2.2.2	Hoe word die prys van goedere vasgestel?	Produseerders/Entrepreneurs besluit op die prys van goedere gebaseer op die teikenmark en vraag. ✓
2.2.3	Wat is die regering se rol in die ekonomie?	Min intervensie/inmenging. ✓

2.3 Die spotprentillustrasie toon 'n land wat beheer/regeer word deur 'n enkele hoër mag wat ons as die regering kan identifiseer. ✓ In 'n beplande ekonomie het die regering volle beheer en neem alle besluite. ✓
(Enige ander relevante en korrekte verduideliking.) (2)
[6]



VRAAG 3: EKONOMIESE KRINGLOOP

- 3.1 • Besighede verkoop goedere en dienste aan huishoudings. ✓✓
• Besighede neem individue van huishoudings in diens en betaal hulle lone en salarisse in ruil vir hulle arbeid. ✓✓ (2 x 2) (4)
- 3.2 Produsent:
• Die regering voorsien beide besighede en huishoudings van openbare goedere en dienste, bv. paaie, gesondheidsorg, veiligheid, onderwys, ens. ✓✓
- Verbruiker:
• Die regering koop produksiefaktore van huishoudings en koop goedere en dienste van besighede sodat hulle suksesvol kan funksioneer✓✓ (4)
[8]

8

VRAAG 4: PRYSTEORIE

- 4.1 Wet van aanbod – Wanneer die prys van 'n produk styg, sal die hoeveelheid aangebied vir daardie produk toeneem. Wanneer die prys van 'n produk daal, sal die aanbod vir daardie produk afneem. ✓✓ (2)
- 4.2 4.2.1 30 sakke ✓ (1)
- 4.2.2 R3,00 ✓ (1)
- 4.2.3 Ekwilibrium ✓ (1)
- 4.3 Kurwe A ✓ (1)
- 4.4 Voorbeeld: Mmapula wil 'n blok sjokolade koop. Die winkel het 'n promosie vir R5 afslag op die normale prys. Sy koop 3 blokke in plaas van een. ✓✓
(Aanvaar enige relevante antwoord.)


Leerder se antwoord moet die volgende insluit::

- 'n Produk waarvan prys gedaal het en die hoeveelheid gevra toegeneem het volgens die wet van vraag. ✓✓

OF

- 'n Produk waarvan die prys gestyg het en die hoeveelheid gevra gedaal het op grond van die styging in prys. ✓✓

(2)
[8]



VRAAG 5: VAKBONDE

- 5.1 Die hoofdoel van 'n vakbond is om die regte van werkers te beskerm✓ deur namens die werknemer met werkgewers te onderhandel ✓ (2)
- 5.2 "Vakbonde doen 'n beroep op miljoene werkers om by die huis te bly of om aan te sluit by stakingsaksies in Suid-Afrika." ✓✓ (2)
- 5.3
- Die besighede se uitset/produksievlekke sal afneem. ✓✓
 - Die besigheid sal inkomste/verkope verloor as gevolg van minder produkte wat beskikbaar is om te verkoop.
 - 'n Tekort aan produkte of swak vervaardigde produkte kan tot ongelukkige klante lei.
 - Werkers kan gedemotiveerd en ongelukkig bly as daar nie in hul behoeftes voorsien word nie, wat lei tot swak werkprestasie.
 - As daar aan eise voldoen word, sal die onderneming dalk meer geld vir werkers se lone moet betaal, wat uiteindelik tot laer winste lei.
- (Aanvaar enige ander relevante antwoord.)** (2)
- 5.4 Vakbonde streef daarna dat werkers 'n goeie lewenstandaard moet hê deur te verseker dat daar in hul sosiale en ekonomiese behoeftes voorsien word (ekonomiese ontwikkeling). ✓
- Gelukkige en gemotiveerde werkers sal doeltreffend werk wat lei tot hoër produksievlekke (ekonomiese groei). ✓ (2)
[8]

8

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: ENTREPRENEURSKAP**VRAAG 6: SEKTORE VAN DIE EKONOMIE**

6.1	Ongeskoolde ✓			(1)
6.2	6.2.1 Sekondêre sektor ✓			(1)
	6.2.2 Tertiêre sektor ✓			(1)
	6.2.3 Primêre sektor ✓			(1)
6.3	6.3.1 Primêre sektor Ontginning van rou materiaal. ✓	Sekondêre sektor Rou materiale word verwerk in finale produkte. ✓	Tertiêre sektor Verspreiding en verkoop van die finale produk. ✓	(3)
	6.3.2 Tamaties word gepluk op 'n tamatieplaas. ✓	Die tamaties word verwerk in 'n fabriek in tamatiesous, gebottel en verpak. ✓	Tamatiesous word versprei en verkoop aan groothandelaars, handelaars en bereik ten laaste die verbruiker. ✓	(3)

[10]

10

VRAAG 7: ONDERNEMINGSFUNKSIES

7.1 Sodat die onderneming sy doelwitte kan bereik/optimaal kan funksioneer. ✓ (1)

- 7.2
- | | |
|-------|------------------------------------|
| 7.2.1 | Aankoopfunksie ✓ |
| 7.2.2 | Bemarkingsfunksie ✓ |
| 7.2.3 | Menslike hulpbronbestuursfunksie ✓ |
| 7.2.4 | Produksiefunksie ✓ |
- (4)

7.3 Die funksie van algemene bestuur is om:

- Bestuur en toesig oor die ander besigheidsfunksies te hou. ✓✓
 - Seker te maak dat die besigheid sy gestelde doelwitte en objektiewe bereik.
 - Te beplan, organiseer, lei en beheer.
 - Seker te maak dat die funksies saamwerk en met mekaar kommunikeer.
- (Aanvaar enige ander relevante antwoord.)**

(2)

7.4 • Deur seker te maak dat daar geen vermorsing van materiaal is nie. ✓✓
• Deur produksiemetodes te gebruik wat goedkoper is.

(Aanvaar enige ander relevante antwoord.)

(2)

[9]

VRAAG 8 – BESIGHEIDSPLAN

- 8.1 R700 ✓ (1)
- 8.2 WhatsApp/Instagram/Twitter ✓ (1)
- 8.3 • Hy is 'n professionele fotograaf – nuttig om goeie foto's van sy produkte te neem. ✓✓
• Hy weet hoe om sosiale media-platforms te hanteer en vir advertensies te gebruik. ✓✓
• Hy neem initiatief – het iets probeer selfs toe hy onseker was of dit sou werk.
• Hy het min maar genoeg geld gehad om die besigheid te begin.
• Hy het werknemers wat hom help om die besigheid te bestuur.
(Aanvaar enige twee van die bogenoemde.) (4)
- 8.4 • Die maatskappy het binne 'n paar weke verkope van sowat R10 000 opgelewer. ✓✓ Hulle het in meer toerusting belê (vrieskas, wafelmaker, kommersiële menger, melkskommelmaker). ✓✓
• Die onderneming het nou vier werknemers.
(Aanvaar enige een van die bogenoemde.) (2)
- 8.5 "Die volgende stap sal wees om franchises regoor die land uit te rol en in 'n selfs groter werksarea te werk". ✓✓ (2)
- 8.6 C ✓ (1)
[11]

11

TOTAAL AFDELING C: 30

TOTAAL: 80